

**26 Oktober**

**Skrifgedeelte: Psalm 28:1-9**  
**Fokusgedeelte: Psalm 28:8, 9**

**My lewe is in God se hand**

Soms voel dit asof God Hom doof hou vir jou. Jy bid en smee, maar dit voel asof Hy jou aan jou eie lot oorgelaat het. So het Dawid in 'n skrikwekkende situasie geworstel met God. As Hy aanhou swyg, voel die gelowige soos 'n sterwende. Waarom tree Hy nie op teen die goddelose nie?

As Rots is Hy onbeweeglik en betroubaar. Hy is jou hulp, jou sterkte. Hy beskerm jou. Hy is soos 'n herder wat sy kinders beskut, red en versorg. Jou lewe is in sy hand.

Jesus Christus bid dat jou geloof sal hou. In sy opstandingskrag staan jy op uit jou benoudheid. Die Heilige Gees werk nuwe lewe en laat jou veilig voel. Die Heilige Gees verseker jou dat God vergeldend sal optree teen die goddeloses. Al hou hulle nie rekening met Hom nie, sal Hy hulle afbreek en nooit weer opbou nie.

God is jou sterkte. In geloofsvertroue gee jy alles oor in sy hand. Jy is seker dat Hy jou smeekstem hoor. Hy antwoord soos dit Hom behaag. Jy loof Hom, al beproef Hy jou geloof. Hy leer jou om geduldig te wag, te vertrou, want jou lewe is in sy hand. As getroue herder sal Hy altyd vir jou sorg.

Jy soek jou krag in Hom. Jy bid met vertroue dat Hy sy kerk sal red. Jy bid met oorgawe dat Hy elkeen wat aan Hom behoort, sal seën en versorg vir altyd.

*Sing: Psalm 28:1, 6, 7 en 8 (1936-beryming) (Melodie Ps 134)*

*Ds WP van der Merwe (Barkly-Oos/Maclear/Elliot)*